



Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!



31 Mei 2022

FAMILIENUUS 418

VANUIT DIE SINODEHUIS

Dis Pinkstertyd! Wat 'n voorreg om in hierdie dae saam te kom – en op 'n gefokusde wyse besig te wees met God se hart vir sy kinders, sy kerk, sy wêreld.

Mag daar in elke gemeente van Oostelike Sinode in hierdie dae 'n nuwe oplewing van toewyding, geloofsverbintenis, oorgawe en gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees wees. Johannes skryf dat die Gees ons aan die lewe en die werk van Jesus Christus wil kom vasmaak: sy versoeningswerk, sy opstanding, sy voorbeeld, sy hart.

Seënwense vir Pinkstertyd. In die Sinodehuis het ons Maandagoggend vir ons gemeentes en leraars gebid...

RAMP IN KWAZULU-NATAL

Ons kon 'n verdere R45 000 oorbetalings doen uit die fondse wat bygedra is tot ons **SOS Rampfonds**. Dit bring ons totale hulpverlening nou op **R240 000** te staan. Baie dankie vir elkeen se offervaardigheid. Dankie vir elke gemeente wat die SOS Rampfonds ook in hulle gemeenskap bekend gemaak het.

Die nood in KwaZulu-Natal is nog nie verby nie: kos, klere, behuising, Bybels – dis 'n voorreg om daartoe by te dra.

Ons heg weer die twee dokumente aan wat na die gemeentes en leraars gestuur is: 'n [inligtingstuk](#) asook die [pamflet](#) wat na lidmate, besighede en die plaaslike media versprei kan word.

LERAARS

Ronel Coertzen van **Chrissiesmeer** het 'n beroep ontvang na **Fouriesburg** in die Vrystaat. (Ten minste is sy al gewoonde aan koudkry!)

By die vergadering van die Algemene Sionode Moderamen (ASM) is hierdie **statistiek oor die leraars in die NG Kerk** (Maart 2022) gegee:

Aantal predikante:	1 345 waarvan 215 vroue is
Aantal emeriti:	1 505

Die **ouderdomsprofiel** van alle **gelegitimeerdes onder 70** lyk soos volg:

21-30:	134
31-40:	333
41-50:	287
51-60:	527
61-65:	389
66-70:	266

Ons jaarlikse **Predikantekonferensie** vind volgende week (6 – 10 Junie) in Skukuza plaas. Callie Roos is die aanbieder. Hierdie wilde hond staan al by die hek vir ons en wag...



GEMEENTES

Kampersrus-gemeente by Hoedspruit stel 'n geleentheid bekend vir 'n leraar / proponent om as aflosleraar in die gemeente te dien. Die [skrywe](#) van die gemeente se leraar, Pieter Dorey, vertel meer.

CMR

Die CMR stuur vir ons 'n [nuusbrief](#) wat insae gee in die reuse werk wat hulle doen. Onthou om vir julle plaaslike maatskaplike werker om te gee...

SINODESITTING 2022

Ons hou **Sinodesitting** op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Gemeentes se **geloofsbriewe** kom mooi in. Ons heg die [proforma-geloofsbrief](#) weer hier aan.

Ons heg ook 'n lys aan van [gastehuisse](#) wie se besonderhede ons het.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Theo Smith van die Pensioenkantoor gee inligting oor die begrafnispolis wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket.

Ons hoor die navrae hieroor.

Dit is die Bestuurskomitee van die Pensioenfonds se verantwoordelikheid om voortdurend na die voordele van die lede te kyk. Die komitee het die mandaat om verbeterings aan te bring.

Indien 'n leraar reeds 'n begrafnispolis het, is hierdie polis nie 'n vermorsing nie. Begrafniskoste is gewoonlik méér as wat ons dink. En die geld word uitbetaal aan 'n naasbestaande ongeag ander polisse. Dit was dan net soos 'n belegging wat uitkeer.

Die begrafnispolis is nie opsioneel nie – net soos die lewensversekering of ongeskiktheidsversekering nie opsioneel is nie. Leraars moet asseblief dadelik reëlings tref vir die dokumentasie en oorbetalings.

Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetaal word. Let wel: hierdie premie-betaling word afsonderlik van die Retirement Fund Web pensioen-transaksie gedoen. Hierdie reëling word so deur die Pensioenfonds-wet voorgeskryf.

Ons stuur hiermee [Omsendskrywe 2 van 2022](#) en [Omsendskrywe 3 van 2022](#). Alle navrae kan aan Theo Smith van die Pensioenkantoor by theo@pensioene.co.za gerig word.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za

Hier is inligting oor die viering van die kerkjaar-[werkswinkel](#) asook 'n geleentheid vir almal wat naby [aftrede](#) is.

Ons het inligting oor opleiding vir leraars wat in [Brugbediening](#) belangstel, ontvang.

Opleiding van **Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes** op 28 en 29 Julie. Malan Nel bied hierdie [geleentheid](#) aan.

Universiteitsoord het 'n pos vir 'n [studenteleraar](#).

Bybel-Media vertel van [interessante nuwe boeke](#) op hulle rak – onder andere ons eie Roedolf Botha (Pretoria-Oosterlig) se pryswenner-boek oor leierskap.

ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

'n Belangrike stukkie administrasie in elke kerkkantoor is die jaarlikse **Inventarisvorm**. Die [vorm](#) word hier aangeheg met die versoek dat dit asseblief spoedig na die Sinodehuis teruggestuur word.

Baie belangrik vir die aandag van die finansiële beampte! (Jammer vir die verkeerde formulering in die vorige nuusbrief.

STATUTÊRE VERPLIGTINGE

Die Sinode herinner gemeentes dat die Werkervergoedingsfonds se Return of Earnings (ROE) opgawes teen vandag (31 Mei 2022) elektronies by die Vergoedingskommissaris ingedien moet word. Alle gemeentes is onderworpe aan Ongevalleversekering wat deur hierdie opgawe bereken word. Die opgawes kan aanlyn by [https://www.labour.gov.za/Online-Tools/Pages/ROE-Online-\(cfoonline-labour-gov-za\).aspx](https://www.labour.gov.za/Online-Tools/Pages/ROE-Online-(cfoonline-labour-gov-za).aspx) ingedien word.

Gemeentes word ook herinner om hul IT12EI opgawes in te dien. Sommige gemeentes se ouditeure hanteer dit, maar dit bly die gemeente se verantwoordelikheid om seker te maak dat dit gedoen word.



VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 13 Junie verjaar.

'n Spesiale gelukwensing aan **Goedgegun**-gemeente in Swaziland: 'n hele 100 jaar!

PREDIKANTE

11 Junie - Eliska Muller, Nelspruit-Westergloed

EMERITI

3 Junie - Gert Janse van Rensburg, Kimberley-Vooruitsig 1994

GEMEENTES

- 3 Junie - Volksrust (112)
- 4 Junie - Olifantsfontein (74)
- 8 Junie - Groblersdal (82)
- 8 Junie - Phalaborwa (61)
- 10 Junie - Goedgegun-Swaziland (100)
- 13 Junie - Kampersrus (63)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za



VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.

Please immediately contact the sender if you have received this message in error.